# DEPARTMENT OF AGRICULTURE
# DEPARTEMENT VAN LANDBOU

No. R. 361 7 April 2000

ANIMAL DISEASES ACT, 1984 (ACT No. 35 OF 1984)

## ANIMAL DISEASES REGULATIONS: AMENDMENT

The Minister of Agriculture has under section 31 of the Animal Diseases Act, 1984 (Act No. 35 of 1984), made the regulations set out in the schedule hereto.

## SCHEDULE

*Definition*

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published by Government Notice No. R. 2026 of 26 September 1986, as amended by Government Notices Nos. R. 2208 of 24 October 1986, R. 226 of 13 February 1987, R. 2343 of 16 October 1987, R. 884 of 5 May 1988, R. 1043 of 3 June 1988, R. 394 of 1 March 1991, R. 931 of 3 May 1991, R. 2358 of 10 December 1993, R. 1023 of 27 May 1994, R. 254 of 6 February 1997 and R. 1136 of 11 September 1998.

*Amendment of regulation 20 of the Regulations*

2. Regulation 20 of the Regulations is hereby amended by—

(a) the insertion of the following subparagraph after subparagraph (viii) of paragraph (a) of subregulation (1):

"(ix) move or remove any warthog, bush pig or wild pig carcass, meat, skin, trophy or any other product of warthog, bush pig or wild pig origin to, across or from land in the Provinces of Gauteng, Mpumalanga or North West.".

*Amendment of Table 1 of the Regulations*

3. Table 1 of the Regulations is hereby amended by—

(a) the insertion of the word "Ellisras" after the word "Dzanani 1 and 2" in paragraph (b) of column 2 opposite the controlled animal disease "African Swine fever" in column 1;

(b) the substitution for paragraph (b) in column 2 opposite the controlled animal disease "foot and mouth disease" in column 1 of the following paragraph:

"(b) The Magisterial District of Barberton, Bolebedu, Dzanani 1 and 2, Eerstehoek, Giyani, Kamhlushwa, Letaba 1 and 2, Malamulele, Mapulaneng, Messina, Mhala, Mutale, Naphuno 1 and 2, Namakgale 1 and 2, Nelspruit, Nsikazi, Phalaborwa, Pilgrim's Rest 1, Pongola, Ritavi 1, 2, 3 and 4, Sekgosese 1 and 2, Thohoyandou, Vuvani and White River".

*Amendment of Table 2 of the Regulations*

4. Table 2 of the Regulations is hereby amended by—

(a) the insertion of the following entry after the entry in respect of the controlled animal disease "Bovine contagious pleuro-pneumonia":

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| "Bovine spongiform encephalopathy | A nervous disease of cattle associated with the feeding of contaminated ruminant protein | Cattle | — | Contact animals shall be isolated and destroyed by or under the supervision of an officer or authorised person | Infected animals shall be isolated and destroyed by or under the supervision of an officer or authorise person". |

(b) the insertion of the following entry after the entry in respect of the controlled animal disease "Equine infectious anaemia":

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| "Equine viral arthritis | A viral disease of horses characterised by respiratory disease and abortion | Horses | 1. Susceptible animals may be tested by the responsible person.<br>2. No animal shall be vaccinated without the written approval of the director. | Contact animals shall be isolated and be tested by an officer, veterinarian or authorised person | Infected animals shall be isolated and in the case of a stallion be castrated by a veterinarian |

(c) the substitution for the directive in column 4 opposite the controlled animal disease "Newcastle disease" of the following directive:

"All fowls, domesticated ostriches and racing pigeons in the Republic shall be immunised and kept immunised by the responsible person with an efficient remedy according to the manufacturer's instructions for use thereof".

(d) the substitution for the directive in column 6 opposite the controlled animal disease "Newcastle disease" of the following directive:

"Infected animals, dead or alive shall be isolated and be destroyed by the responsible person".

(e) the substitution for the directive in column 4 opposite the controlled animal disease "Rabies" of the following directive:

"All dogs and cats in the Republic shall be immunised with an efficient remedy by an officer, veterinary or authorised person at the age of three months followed by a second vaccination between one and nine months later and then once every three year".

(f) the substitution for the directive in column 5 opposite the controlled animal disease "Food and Mouth disease" of the following directive:

"Contact animals shall be isolated and be dealt with as determined by the Director".

(g) the substitution for the directive in column 6 opposite the controlled animal disease "Foot and Mouth disease" of the following directive:

"Infected animals shall be isolated and immunised or disposed of as determined by the Director".

---

**No. R. 361** **7 April 2000**

WET OP DIERESIEKTES, 1984 (WET No. 35 VAN 1984)

**DIERESIEKTEREGULASIES: WYSIGING**

Die Minister van Landbou het kragtens artikel 31 van die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet No. 35 van 1984), die regulasies in die Bylae hierby uiteengesit, uitgevaardig.

**BYLAE**

*Woordomskrywing*

1. In die Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 2026 van 26 September 1986, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing Nos. R. 2208 van 24 Oktober 1986, R. 226 van 13 Februarie 1987, R. 2343 van 16 Oktober 1987, R. 884 van 5 Mei 1988, R. 1043 van 3 Junie 1988, R. 394 van 1 Maart 1991, R. van 3 Mei 1991, R. 2358 van 10 Desember 1993, R. 1023 van 27 Mei 1994, R. 254 van 6 Februarie 1997 en R. 1136 van 11 September 1998.

*Wysiging van regulasie 20 van die Regulasies*

2. Regulasie 20 van die Regulasies word hierby gewysig deur—

(a) die volgende subparagraaf in te voeg na subparagraaf (viii) van paragraaf (a) van subregulasie (1):

"(ix) enige vlakvark, bosvark of wildevark karkas, vleis, vel, trofee of enige ander produk van vlakvark, bosvark of wildevark oorsprong na, oor of vanaf grond in die Provinsies Gauteng, Mpumalanga of Noordwes verwyder of beweeg nie".

*Wysiging van Tabel 1 van die Regulasies*

3. Tabel 1 van die Regulasies word hierby gewysig deur—

(a) die woord "Ellisras" na die woord "Dzanani 1 en 2" in te voeg in paragraaf (b) van kolom 2 teenoor die beheerde dieresiekte "Afrikaanse varkpes" in kolom 1;

(b) paragraaf (b) in kolom 2 teenoor die beheerde dieresiekte "bek-en-klouseer" in kolom 1 deur die volgende paragraaf te vervang:

"(b) Die landdrosdistrikte van Barberton, Bolebedu, Dzanani 1 en 2, Eerstehoek, Giyani, Kamhlushwa, Letaba 1 en 2, Malamulele, Mapulaneng, Messina, Mhala, Mutale, Naphuno 1 en 2, Namakgale 1 en 2, Nelspruit, Nsikazi, Phalaborwa, Pelgrimsrus 1, Pongola, Ritavi 1, 2, 3 en 4, Sekgosese 1 en 2, Thohoyandou, Vuvani en Witrivier".

*Wysiging van Tabel 2 van die Regulasies*

4. Tabel 2 van die Regulasies word hierby gewysig deur—

(a) die invoeging van die volgende inskrywing na die inskrywing met betrekking tot die beheerde dieresiekte "Bakteriese niersiekte":

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| "Bees sponsvormige enkefalopatie | 'n Senuwee siekte van beeste geassosieer met die voer van besmette proteïen van herkouer afkoms | Beeste | — | Kontakdiere moet afgesonder word en deur of onder toesig van 'n beampte of gemagtigde persoon vernietig word | Besmette diere moet afgesonder word en deur of onder toesig van 'n beampte of gemagtigde persoon vernietig word". |

(b) die invoeging van die volgende inskrywing na die inskrywing met betrekking tot die beheerde dieresiekte "Tuberkulose":

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| "Virus arteritis van perde | 'n Virussiekte van perde gekenmerk deur asemhalingsimptome en aborsie | Perde | 1. Vatbare diere kan deur die verantwoordelike persoon getoets word. 2. Geen dier mag geïmmuniseer word sonder die skriftelike toestemming van die direkteur nie | Kontakdiere moet afgesonder word en deur 'n beampte, veearts of gemagtigde persoon getoets word | Besmette diere moet afgesonder word en in die geval van 'n hings deur 'n veearts gekastreer word". |

(c) die voorskrif in kolom 4 teenoor die beheerde dieresiekte "Newcastlesiekte" deur die volgende voorskrif te vervang:

"Alle hoenders, mak volstruise en wedvlug duiwe in die Republiek moet deur die verantwoordelike persoon met 'n doeltreffende middel geïmmuniseer word en geïmmuniseer gehou word volgens die vervaardiger se instruksies vir gebruik".

(d) die voorskrif in kolom 6 teenoor die beheerde dieresiekte "Newcastlesiekte" deur die volgende voorskrif te vervang:

"Besmette diere, dood sowel as lewendig, moet afgesonder word èn deur die verantwoordelike persoon vernietig word".

(e) die voorskrif in kolom 4 teenoor die beheerde dieresiekte "Hondsdolheid" deur die volgende voorskrif te vervang:

"Alle honde en katte in die Republiek moet deur 'n beampte, veearts of 'n gemagtigde persoon met 'n doeltreffende middel geïmmuniseer word op ouderdom drie maande gevolg deur 'n tweede inenting tussen een en nege maande later en dan eenkeer elke drie jaar".

(f) die voorskrif in kolom 5 teenoor die beheerde dieresiekte "Bek-en-Klouseer" deur die volgende voorskrif te vervang:

"Kontakdiere moet afgesonder word en mee gehandel word soos deur die Direkteur bepaal".

(g) die voorskrif in kolom 6 teenoor die beheerde dieresiekte "Bek-en-Klouseer" deur die volgende voorskrif te vervang:

"Besmette diere moet afgesonder word en geïmmuniseer of oor beskik word soos deur die Direkteur bepaal".